DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE SEKONDÊRE MEISIESKOOL ORANJE

1907 - 2007

VISIE

OMS is 'n dinamiese, Christelike, Afrikaanse meisieskool, gekoester in tradisie, met dogters wat uitblink in kreatiwiteit, selfstandigheid en vroulikheid.

Dinamies – Om aan die voorpunt van akademiese, sport-, kulturele en tegnologiese ontwikkeling te wees. Dit impliseer dat OMS die toonaangewende raakvatmodel in die onderwys sal wees.

Christelik – Die beginsels waarvolgens alle werksaamhede en onderrig by OMS geskied, is Christelik-gefundeerd. Dit beteken dat God en die Bybel as enigste rigsnoer sal dien.

Afrikaans – Onderrig sal in Afrikaans geskied, sodat alle dogters wat die behoefte en begeerte na Afrikaanse onderrig het, die geleentheid het om ongehinderd die behoefte te bevredig.

Kreatiwiteit, selfstandigheid en vroulikheid – Dit vorm die hoeksteen van die finale produk wat die skool aan die samelewing lewer.

MISSIE

Die missie van OMS is om dogters in 'n stabiele omgewing die geleentheid te bied om op 'n gebalanseerde wyse hulle volle potensiaal te ontwikkel deur :

- **hoogs opgeleide, ingeligte en entoesiastiese opvoeders wat aan die voorpunt van alle ontwikkeling staan en gehalte onderrig en opvoeding aanbied;**
- **'n liefde vir God, mekaar, Afrikaans, die kultuur-eie en ons land te kweek;**
- **'n breë ondersteuningsbasis aan leerders te bied;**
- **Die individualiteit en potensiaal van dogters doelbewus te erken en doelgerig te ontwikkel tot voordeel van die samelewing;**
- **'n ekonomies volhoubare omgewing te skep;**
- **leerders met die nodige lewensvaardighede toe te rus; en**
- **die handhawing en voortbouing van tradisies.**